

Sondag 4 Desember

Skrifgedeelte: Esra 9:13 – 10:6 (NAV)

Fokusgedeelte: Esra 10:2

Hoop deur heiliging?

Eintlik is dit ’n vreemde hoop waarvan ons teks praat – besonder vreemd vir jou en my as Nuwe-Testamentiese gelowiges!

Stel jou voor: die Joodse mans wat met heidense vroue gaan trou het, moet nou daardie vroue skei en saam met die kinders wegstuur! Dit klink amper soos ekstremistiese Islamiete vandag sou doen ... mét ’n groot bohaai daarvoor. Maar hier? Hier word dit as iets *hoopgewends* voorgelê. Terwyl almal daar staan en rou oor hierdie sonde (wat teen die wet van Moses ingaan), sê Sekanja vir die hoëpriester Esra: “Tog is daar nog hoop vir Israel.” Hoe? As hulle drasties teen die vreemde vroue optree. Met hierdie – agterna gesien eintlik “wrede” – optrede moes die volk geheilig en gesuiwer word om as afgesonderde Verbondsvolk onder die heidennasies getuies van die Here te wees.

Dit het destyds ongetwyfeld hoop vir hulle voortbestaan as God se volk gebring ... maar ware hoop? Dit kom nét in die tyd van die vervulling. Jy en ek wat deur ’n ware geloof in Christus ingelyf is (ja, in-ge-lyf!) mag in *daárdie* hoop deel. Die hoop van Esra 10:2 kon nie die vloek van die wet wegneem nie. Christus is ons hoop op die heerlikheid (Kol. 1:27). Hy hét vir ons heiligmaking geword (1 Kor. 1:30). Hy hét vir ons ’n vloek geword. Deur sy kruis en opstanding hét ons geheiligde “Hoop-mense” geword.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)